GKSA NUUSBROKKIES

Sondag 4 Augustus 2019

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore en eggenotes met hul verjaarsdae

2 Augustus	Ds PJ van den Berg (Paul) – GK Centurion
2 Augustus	Ds AH Stavast (Arie) – GK Kroonstad
3 Augustus	Ds D Kotzee (Dirk) – GK Pretoria-Alkantrant
3 Augustus	Mev ES Hibbert (Elsie), eggenote van ds S Hibbert (Simon) – GK Koster
4 Augustus	Mev EF Kruger (Betsie), eggenote van ds AP Kruger (Abraham) – GK Wolmaransstad
5 Augustus	Ds CA Jansen (Carel) – GK Secunda
5 Augustus	Mev M van ‘t Zand (Melinda), eggenote van ds D van ‘t Zand (Dirk) – GK Witpoortjie
7 Augustus	Dr AJ Kruger (Braam) – GK Benoni
7 Augustus	Mev PJW Jansen (Philia), eggenote van ds CA Jansen (Carel) – GK Secunda

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaarsdae

3 Augustus	Mev RCF Louw (Cecilia), weduwee van wyle ds PJW Louw (Pierre) – GK Nelspruit
3 Augustus	Mev S Kruger (Suzette), eggenote van ds LM Kruger (Lourens) – GK Uitenhage
6 Augustus	Ds LJ van der Merwe (Lood) – GK Postmasburg
6 Augustus	Mev CF Ligthelm (Charlotte), eggenote van ds NW Ligthelm (Nico) – GK Pretoria-Alkantrant
7 Augustus	Mev HF van der Walt (Hendrina), weduwee van wyle ds DJ van der Walt (Dirk) – GK Bergbron
7 Augustus	Prof HF van Rooy (Herrie) – TSP
8 Augustus	Ds DC Coetsee (Chris) – GK Noordrand
8 Augustus	Ds GNV Botha (Nico) – GK Randburg

Hartlike gelukwense aan die volgende teologiese studente met hul verjaarsdae

3 Augustus Raj Kumar
4 Augustus Mukesh Kumar
5 Augustus Naldo Kent

Hartlike gelukwense aan die volgende personeel by die Admin Buro

7 Augustus Dalene Pretorius

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Simpatie betuiging aan mev Ami du Toit met die afsterwe van haar skoonsuster

Gelukwense aan prof Hennie Goede met sy aanstelling as uitvoerende dekaan vir die Fakulteit Teologie vanaf 1 Augustus 2019

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang
Proponent JC Potgieter (JC) na Reformed Church Tswane

Beroepe aanvaar
Ds AJ Rossouw (Cobus) van Daspoort na Hendrina/Carolina kombinasie

BEVESTIGINGS

Die bevestiging van **ds Reghard Janse van Rensburg** vind plaas op Saterdag 10 Augustus 2019 by GK Delmas. Die bevestiging word deur sy broer, ds Gerhard Janse van Rensburg van GK Durban-Noord hanteer. Ds Janse van Rensburg lewer sy intreepreek op Sondag 11 Augustus 2019.

PROPONENTE BEROEPBAAR GESTEL



Proponent JC Potgieter (JC)
Sel: 079 525 2507
E-pos: jcpotgieter@gmail.com

Proponent R Steyn (Ruan)
Sel: 00264 81 595 0113
E-pos: steyn.ruan1@gmail.com

Proponent G Mushayabasa (Godwin)
Sel: 072 844 6754
E-pos: mhuriyashe@gmail.com

Proponent W Chipenyu (Wilbert)
Sel: 078 731 1225
E-pos:
wilbertchipenyu@yahoo.com

Proponent P Mkupa (Phumlani)
Sel: 078 335 8753
E-pos: phumlanimkupa88@gmail.com

“O AARDE!”- FLITS 15

“GEE MY WESKUSKREEF!” – MAAR WEGBEWAAR!

“Gee my roosterkoek en weskuskreef!”. Daarvoor het Suid-Afrikaanse en buitelandse toeriste van veraf Weskus toe gekom. Die roosterkoek is nog daar, maar die kreef nie – volgens marinenavorsers is slegs 5% van die kreefbevolking van 20 jaar gelede oor. Dit is waar, vind dr Henk Strooiprater uit, toe hy op die hoogtepunt van die kreefvangseisoen op die Weskus kom vakansie hou: sommige eetplekke het geen kreef nie en ander vra onbekostigbare pryse vir kreefgeregte.
“Waarom is daar nie meer kreef nie?” vra dr Henk vir Oom Daantjie Koeberg, ‘n vierdegeslag Weskusser van St Helenabaai, wie “Djy ka ma sê: soes my eighe pa en oupa oppie sie geboghe is!”. Hy het ‘n kort antwoord op dr Henk se waaromvraag: “Wegbewaagh!”. Natuurlik is dr Henk se belangstelling dadelik gaande aangesien natuur- en omgewingsbewaring vir hom belangstelling en roeping is.

Dr H: “Wegbewaar!? Dis mos nie moontlik nie!”

Oom D: “Wil doktor môghe kom sien? Kghy vi’ djou ‘n peghmit by die poskantoogh en kom saam as ons ga’ kghief vang!”.

Dr Henk daag die volgende oggend vroeg by die hawe op gewapen met sy permit vir “sport”: 4 krewe per dag (80 mm minimum lengte). Hulle mag nie verkoop word nie en die permit is geldig tot 17h00 vir 13 dae versprei oor die “seisoen”van 5 maande – oortreders word swaar beboet. Vier ander kreefvangers (voorheen besitters van kommersiële lisensies, maar nou ook “sportmanne”) gaan saam – Duikereiland se rigting (eintlik ’n reeks rotse wat see-in strek omtrent 10 kilometers suidwes in die rigting van Paternoster). Die naam kom van die kaapse duikers (“kormorante”) wat voorheen in hul tienduisende daar gebly en gebroei het. Die rotsskeure en woud van seebamboes daar rondomvorm ‘n ideale habitat vir krewe.

Op die boom van die skuit lê vir elke kreefvanger 5 klein netmandjies met ‘n metaalring om die opening – elkeen gekoppel aan ‘n boei wat die mandjie regop hou wanneer die mandjies (“traps”) neergelaat word met ‘n sardyn in die middel met draad vasgebind as lokaas.

By Duikereiland aangekom, vra dr Henk: “Waars die duikers? Die eilande is dan swart van die robbe - en die see is vol van hulle?”.

“Ook die duikeghs is wegbewaagh, want die bewaaghde robbe het hulle kuikens opgevgheet!” Oom Daantjie verduidelik dat robbe beskerm word en onbeperk aanteel.’n Volwasse rob vreet omtrent 12 kilogram vis, krappe, krewe en seevoëls per dag en het selfs geleer om die kreefmandjies te beroof – soos ook vislyne.

Die kreefvalle word uitgesit en na ‘n halfuur by elke drywende boei opgehaal. Sommige het niks in nie, ander is oopgeskeur, maar die wat wel kreef in het, word in die skuit omgedop. Dr Henk begin sommer help deur die ondermaat krefies terug te gooi die water in, maar dit ontlok hewige protes: “Meneer! Wat doen jy? Wat gaan

my huismense vanaand eet? Die groot krewe moet ek verkoop om te lewe. Onthou: ons laaisenses is weggevat. In hierdie tyd moet ek geld maak vir die hele jaar. Ons kan nie die groot krewe eet nie; hulle moet ek verkoop".

Dr H: "Maar julle moet die bron beskerm! As julle daardie klein krefies nou eet: waar gaan julle vorentoe krewe kry?".

Oom D: "Bghon beskeghm?! Gaan kyk hoe die bghon beskeghm word deur die maatskappye wat nou die vangghegte het en aan 'vooghheen benadeeldes' behoort Hulle tgheps bghing elkeen 'n halfton op 'n slag op en hulle bode hou maklik 20 ton! En hulle kghiewe mag 75 mm wees. Ek sê vi' djou, Doktor, hulle gooi niks wat in daaghie tghep is en wat lewe in die see tghugie! En hulle mag 600 ton kghief pegh seisoen vang".

Dr H: "Maar die maatskappye verskaf tog werk".

Oom D: "Aan 6 tot 8 mense pegh bood en 'n paagh in die fabghiek. Gee ons ghegte aan ons tghug, Doktor, en ek sê vi' djou die bghon is beskeghm en ons hoefie skelms te wiesie!".

Dis namiddag toe Oom Daantjie koers kies St Helenabaai toe. 24 maatkrewe lê in die kuipe van die bootjie – die res van die vangs is in sakkies wat vinnig oorboord gegooi kan word ingeval 'n "hond" (inspekteur) ontmoet word. Die kanse is maar skraal, want Oom Daantjie hoor per selfoon die "hond" is op Paternoster (daar is 4 inspekteurs wat die hele kuslyn vanaf Ysterfontein tot op Elandsbaai – ongeveer 200 kms – moet oppas).

Dr Strooiprater gee sy krewe vir die ongelukkiges wat nie hulle 4 gevang gekry het nie of van hulle "treps" deur die robbe verloor het. In sy kop draai die vraag: "Hoe lyk die resep vir gesonde volhoubare natuurbewaring?". Intussen eet hy nie meer kreef nie.

(FLITS deur DC Coetsee)

FONDSINSAMELINGS / FUNKSIES / FEESVIERINGE

30 AUGUSTUS 2019
GK KEMPTONPARK – BILTONGFEES 2019

Biltongfees: GK Kempton Park se gewilde biltongfees word op Vrydag 30 Augustus 2019 om 6:30 nm gehou. Hierdie is ‘n gulde geleentheid vir maatskappye om hul kliënte teen ‘n skamele R150-00 pp te onthaal. Ingesluit, biltong so veel as wat jy kan eet, tuisgebakte brood, tuisgemaakte konfyte, rooiwyn, witwyn, vrugtesappe, koffie en tee saam met ‘n soetigheid om die aand mee af te sluit. Jy kan selfs jou eie koelboks saambring. Boek ‘n tafel vir jou en jou gaste, of kom geniet die aand sommer net saam met ons. Kontak my vir persoonlike reëlings, of volg die skakel om ‘n bespreking te maak. https://gkt.io/xIDydA

Vir persoonlike bespreking, kontak Johan Smith, 083 282-2140. Of stuur net ‘n teksboodskap en ek kom terug na jou.

21 SEPTEMBER 2019
GK GRAAFF REINET



GEDAGTE VIR DIE WEEK

Wees daarom verstandelik wakker en
nugter, en vestig julle hoop volkome op
die genade wat julle deel sal word by die
wederkoms van Jesus Christus.

1 Petrus 1:13